NHKA | blitspos
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Jaargang 15 – Uitgawe 43
1 Desember 2022

# Die barmhartige herbergier

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Een van my gunsteling Kersfeesstories is die een van ’n graad 7-seun met die naam William Spurling. William was baie groot vir sy ouderdom en verstandelik ’n bietjie stadig. Maar hy was ’n goeie seun en al die kinders het van hom gehou.**

Toe die tyd aanbreek vir die jaarlikse Kersopvoering, wou hy baie graag ’n herder gewees het, maar die juffrou het gedink dat hy ’n beter herbergier sou uitmaak, omdat hy so groot was. Sy gee toe vir hom die opdrag om die harde, ongenaakbare herbergier te wees.

Toe Maria en Josef by die herberg kom en klop, het William die deur oopgemaak. Toe hy gevra word of daar plek in die herberg was, het hy met ’n growwe stem gesê: *Ek het niks plek in die herberg nie.* Josef het gesê: *Maar my vrou is moeg en sy verwag ’n baba. Is daar nie eens ’n klein kamertjie nie?* Weer ’n keer het William met grofheid in sy stem gesê: *Julle sal ’n ander plek moet soek, ek het nie plek nie.*

Weer ’n keer het Josef gepleit vir ’n plekkie om te slaap. Toe was daar ’n lang stilte, almal het gedink William het sy woorde vergeet. Agter die gordyn het hulle vir hom geskree: *Sê net, nee, gaan soek op ’n ander plek.* Eindelik het William met sagtheid in sy stem gesê: *Nee, gaan soek op ’n ander plek.* Maria en Josef het hartseer omgedraai om te loop.

Ewe skielik het William sy stem teruggekry en gesê: *Wag ’n bietjie! Julle kan my kamer kry. Ek sal in die stal gaan slaap.*

In die stilte wat gevolg het, het die onderwyseres gedink die hele toneelspel is geruïneer, totdat sy mooi gedink het oor die woorde van ’n graad 7-seun wat die waarheid van Christus miskien beter gekommunikeer het as enige iemand anders: *Nee, julle kan my kamer kry, ek sal in die stal gaan slaap.*

Is dit nie wat Jesus gedoen het nie? Met sy koms na hierdie wêreld het Hy gesê: *Jy hoef nie te sterf vir jou sondes nie. Ek sal jou plek op die kruis neem. Jy kan die hemelse huis binnegaan. Ek berei vir jou ’n plek daar voor.*

Kersfees het alles verander. Mag jy vir Jesus opnuut plek maak in jou hart en lewe.

**Ds Janine Bevolo-Manders**
**Witfontein/Rustenburg-Tuine**



Dr Frikkie Labuschagne

## Lief en leed

- **Dr FJ (Frikkie) Labuschagne** (Sinodaal, Sentrum vir Gemeentelike Bediening, Olifantsfontein) het Dinsdag 29 November 'n operasie ondergaan. Die prosedure het goed afgeloop. Ons bid hom algehele herstel toe.

- Mev Tessa Oppermann van Kerklike Kommunikasie bedank al die predikante en lidmate wat haar en haar man, **Japie Oppermann**, die afgelope twee weke ondersteun het. Japie se hartomleiding op Dinsdag 22 November was 'n sukses, en na die aritmie en hartskok direk na die operasie, en die nierstene die volgende dag, sal hy nou tuis aansterk. Ons bid dat hy volkome sal herstel.

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Desember, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 1 Desember: Prof Y (Yolanda) Dreyer (66) (emeritus/Nederlandssprekende Gemeente)
  - Vrydag 2 Desember: Ds JPJ (Kalla) Fourie (74) (emeritus)
  - Saterdag 3 Desember: Dr SM (Sanrie) de Beer (53) (Philadelphia) en ds L (Lana) van Rensburg (39) (Koedoesrand)
  - Donderdag 8 Desember: Di M (Markus) Pretorius (36) (Eendracht/Kriel) en S (Susan) van Schalkwyk (siekte-emeritaat)



Dr Johan van Staden

## Gemeentes en bediening

- Die **Sinodale Dienssentrum se jaareindfunksie** vind op **Vrydag 2 Desember** plaas. Die personeel sal dus nie op dié dag beskikbaar wees nie.

- **Die Sinodale Dienssentrum** sal **van 23 Desember 2022 tot 2 Januarie 2023** vir die Kersreses **gesluit** wees.



Ds Willem Sauer

- Die Kommissie van die AKV het **dr JH (Johan) van Staden** van Sionspoort aangewys as die nuwe redakteur van *Die Hervormer*. Hy neem met ingang van 1 Januarie 2023 die leisels oor van **ds W de V (Willem) Sauer** van Waterberg, wat sedert Januarie 2017 die redakteur was en lank voor dit reeds in die redaksie gedien het.

- **Ds JW (Janine) Fourie** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Pretoria/Wonderboom-Suid (deeltyds).



Ds Janine Fourie

- **Ds S (Susan) van Schalkwyk** van Van Warmelo se aansoek om siekte-emeritaat is goedgekeur.

- **Ds CH (Casper) du Plessis** (emeritus) se dienswerk in **Gemeente Odendaalsrus** het tot 'n einde gekom. Die Kommissie van die AKV het dank en waardering uitgespreek vir ds Du Plessis se getroue diens oor baie jare in die Goudvelde.

- Die 73ste AKV het besluit om te onderskei tussen **diensdoende predikante** wat per beroepsbrief aan 'n gemeente gekoppel is, **beroepafwagtende predikante**, en predikante wat net **ampsvoorreg** geniet. Die Kommissie sal in Maart 2023 weer hieraan aandag gee nadat al die tersaaklike inligting ingewin is.



Ds Susan van Schalkwyk

- Die Kommissie van die AKV het **ds JJ (Joseph) Steÿn** se losmaking van Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester goedgekeur, met behoud van ampsvoorreg. Ds Steÿn word voortaan nie meer as 'n diensdoende predikant van die Kerk beskou nie, maar as 'n predikant met ampsvoorreg.

- Die nuutverkose **Kuratorium** het op Donderdag 6 Oktober soos volg gekonstitueer: Dr JM (Thinus) van Staden (voorsitter); dr H (Hein) Delport (visevoorsitter); ds JT (Jimmy) Manders (Dagbestuur/sekretaris); dr C (Christo) Pretorius (Dagbestuur); ds CEC (Colin) Hertzog; ds WJJ (Willem) Kok; en dr DJC (Daan) van Wyk (jr).



Oudl Fred Paynter



Ds Willem Kok

- Die Kommissie wys **oudl FJ (Fred) Paynter** aan as hul verteenwoordiger in die Raad van Finansies.

- Die Kommissie van die AKV het **ds WJJ (Willem) Kok** aangewys om as hul verteenwoordiger in die direksie van Ons Tuis (MSW) te dien.

- ’n Samewerkingsooreenkoms het vanaf 1 Oktober 2022 tussen gemeentes **Derdepoort en Villieria** in werking getree.

- Die Kommissie neem uit die gedetailleerde verslag van **emeriti se voortgesette betrokkenheid in gemeentes** van die Kerk waar dat die oorgrote meerderheid van emeriti wat gemeentes bedien, **gemeentes in afgeleë gebiede** bedien wat nie enige ander vorm van bediening sou kon bekostig nie.

- Die Kommissie besluit dat die Hervormde Kerk sal voortgaan om saam met die NGK en die Universiteit van die Vrystaat aan die **Kerkspieël-navorsingsprojek** deel te neem.

- Die Kommissie van die AKV gaan van 15 tot 18 Januarie 2023 ’n **bosberaad** hou om vir die komende termyn van drie jaar te beplan.

- Die Kommissie van die AKV se **2023-vergaderdatums** is soos volg:

  **Kommissie van die AKV, Donderdae en Vrydae**
  9 en 10 Maart
  8 en 9 Junie
  7 en 8 September
  16 en 17 November

  **Moderamen, Vrydae**
  10 Februarie
  14 April
  12 Mei
  21 Julie
  18 Augustus
  13 Oktober

- Die Kommissie van die AKV het met instemming kennis geneem van die Kerk se **verteenwoordigers by die BSA**. Hulle is soos volg:

  **Algemene Jaarvergadering**
  Dr C le Roux (Stellenbosch) (primarius georden);
  mnr W Vlok (Stellenbosch) (primarius nie-georden);
  ds G van der Merwe (Strand) (sekundus georden);
  mev L le Roux (Stellenbosch) (sekundus nie-georden).

  **Streekverteenwoordigers**
  **Noordelike Streek (Kempton Park Bybelhuis)**
  Ds JM (Marthinus) van Staden (Klerksdorp-Doringkruin) (primarius georden);
  mnr CWF Mulder (Midstream) (primarius nie-georden);
  ds AJ Hattingh (Krugersdorp-Noord) (sekundus georden);
  mnr JD Dreyer (Midstream) (sekundus nie-georden).

  **Oostelike Streek (Durban Bybelhuis)**
  Ds DS Jacobs (Dolfynkus) (primarius georden);
  dr H Labuschagne (Durban-Suid) (primarius nie-georden);
  ds P de K Furstenberg (Richardsbaai) (sekundus georden);
  mnr HP Steenkamp (Dolfynkus) (sekundus nie-georden).

  **Sentrale Streek (Bloemfontein Bybelhuis)**
  Ds PDM le Roux (Vaalharts) (primarius georden);
  mnr JP Viljoen (Bloemfontein) (primarius nie-georden);

ds JJ Dreyer (Bloemfontein) (sekundus georden);
mnr S Pretorius (Bloemfontein) (sekundus nie-georden).

**Suid-Oostelike Streek (Port Elizabeth Bybelhuis)**
Ds DJD Taljard (Sionshoogte) (primarius georden);
mnr F Botha (Port Elizabeth) (primarius nie-georden);
vakant (sekundus georden);
mnr E Hallaby (Port Elizabeth) (sekundus nie-georden).

**Westelike Streek (Bellville Bybelhuis)**
Ds KF Smith (Kaapstad) (primarius georden);
mev S de Villiers (Kaapstad) (primarius nie-georden);
ds PJ Jacobs (Outeniqua) (sekundus georden);
prof F de Villiers (Outeniqua) (sekundus nie-georden).

- Die Kommissie van die AKV bedank die **Motsepe-stigting** vir 'n ruim skenking waarvan die Kommissie ongeveer die helfte aan Rata skenk. Die res van die geld word in die rekening van die Raad van Finansies gehou om dit vir 'n verdienstelike saak aan te wend.

- Die Kommissie van die AKV keur die bedrag van R40 000 goed as bydrae tot die koste van die vergadering van die **Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke se Hoofbestuur** wat in Mei 2023 in Kempton Park sal plaasvind. Die geld moet uit die fonds vir ekumene wat uit bydraes van die Motsepe-stigting opgebou is, betaal word.

- **Gemeente Primrose-Oos** se nuwe **e-posadres** is **primroseoos@nhk.co.za**.

- **Diak Trynko Malan**, kassier van Gemeente Kroonstad en lid van die Ringskommissie van Bothaville, se e-posadres verander binnekort. Die huidige e-posadres (**tmalan@webmail.co.za**) gaan verander na **trynkom@gmail.com.** Die webmail-adres sal aktief wees tot 5 Desember 2022, waarna dit nie meer beman gaan word nie. Die gmail-adres is aktief en enige korrespondensie kan reeds daarheen gestuur word.



Ds Carel Johann de Bruin

- Reël 'n afspraak vir 'n **begeleide toer by die NHKA se SP Engelbrecht-museum** op 'n tyd wat jou die beste pas, met my, **Carel Johann de Bruin**, by 082 733 3951, **cjdb@boomaap.co.za** (*boom* vir Wonderboom en *aap* vir Aapjesrivier). R40 per persoon, R30 per persoon indien groepe groter is as 10. Gemeentes, kerkrade, sustersgroepe, seniorgroepe, kategese en aftreeoorde; selfs tuisskoolleerders, geskiedenisklasgroepe van skole, geskiedenisstudente en nie-kerklidmate is welkom. Daar is veel meer as net kerkgoeters! Veilige parkering; rolstoeloprit; piekniekplek. Vriendelike groete en onthou: julle is hartlik welkom!

- **Ds Carel Johann de Bruin** rig hierdie versoek: "Ek skryf oor die herkoms, geskiedenis en gebruik van die KANSELKLEED (kansellap of -spreuk) in die NHKA. Skryf asseblief vir my 'n paragrafie oor jul unieke kanselkleed: die betekenis daarvan, deur wie dit gemaak is, wanneer, medium waarvan gemaak, enige interessantheid in verband daarmee. Iets oor jul ou kanselkleed, en die gebruik van die kleure van die kerklike jaar. Stuur ook foto's, ek sal dit hoog waardeer. **Stuur dit na cjdb@boomaap.co.za** of WhatsApp 082 733 3951."

- Kom vier saam **Kersfees in die Kaap**. Die **Kersdag-eredienste** is soos volg:
  - **NHKA Strand:** 09:00 hv Elim- en Boschendalstraat, Die Bos, Strand
  - **NHKA Stellenbosch:** 09:00 hv Bosman- en Hofmeyrstraat, Stellenbosch
  - **NHKA Worcester:** 09:00 Hendry Girdstraat 11, Worcester
  - **NHKA Kaapstad, preekpunt Tygerberg:** 09:00 Rothmanstraat 29, Parow-Noord (voorsang 08:45)
  - **NHKA Kaapstad, preekpunt Melkbosstrand:** 09:00 Robbenweg (voorsang 08:45)
  - **NHKA Weskus:** 09:00 Japie Burgerstraat 8, Vredenburg
  - **NHKA Bellville:** 09:00 hv Ganzekraal- en Meerluststraat, Bellville

## Kerklike publikasies

- **Die laaste uitgawe van *Blitspos* vanjaar is dié van 8 Desember. Die eerste uitgawe van 2023 is dié van 19 Januarie.**




- Gemeentes moet onthou om die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** ook vir hul emeriti te bestel. Bestel asseblief per e-pos en sê ook of dit versend moet word of afgehaal sal word. Dié wat hul hele ring se boeke kan afhaal, kan mev Sarie Roux ook laat weet by **boekwinkel@nhk.co.za**. Gemeentes sal verwittig word sodra die boeke by die Sinodale Dienssentrum afgelewer is.

- Alle **Bybelbestellings** moet mev Sarie Roux (**boekwinkel@nhk.co.za)** asseblief **teen 5 Desember** bereik vir aflewering nog in Desember; alles na die 5de sal eers in Januarie afgelewer word.

## Toerusting

- Lees die artikel *Almal praat oor hoop, maar hoe geloofwaardig is dit?* van prof Natie van Wyk by **https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/almal-praat-oor-hoop-maar-hoe-geloofwaardig-is-dit/**

## Studentesake

- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Unversiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / **cleroux@mweb.co.za**) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is 'n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **31 Januarie – 3 Februarie 2022**
  By Venterskroon-kampterrein
  R1 200 per persoon
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
  Inligtingsvorm: **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die

behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.




## ’n Gedig

**Van Kersfees tot Mei**

in desember
is Jesus weer gebore
en hulle het Hom toegedraai
in geskenkpapier
en Hom neergelê
in die supermark

ek het ’n boom versier
met liggies en engeltjies
en Hom uitgenooi
na ’n kersfeesmaal
van kalkoen en wyn
maar Hy het weggevlug
na die woestyn

Goeie Vrydag was ’n pasga
sonder bitter kruie en
ongesuurde brood
voor die langnaweek se uittog

op Paasmaandag
is die opstanding uit die dood
feestelik gevier
met paashasies en paaseiers
in blinkpapier

Hemelvaart
was die eerste vakansiedag
in Mei
waarop ons kon dam toe ry

**Eveleen Castelyn**
(Uit: *Tussen hemel en aarde*, 1978)

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2023**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2023.**

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Help my bid, Here.
O God, vroeg in die môre roep ek na U.
Help my om te bid
en om my gedagtes op U te fokus.
Ek kan dit nie alleen regkry nie.
In my is daar donkerte, maar by U is daar lig;
ek is eensaam, maar U laat my nooit alleen nie;
my hart is swak en kragteloos, maar by U is daar hulp;
ek is rusteloos, maar by U is daar vrede.
Ek is bitter, maar by U is geduld te vinde;
ek verstaan nie u weë nie, maar U ken die regte pad vir my.
Gee vir my weer vryheid en help my om só te lewe
dat ek vir U en vir myself antwoorde sal hê.
Here, wat hierdie dag ook al vir my mag bring,
mag u Naam daardeur verheerlik word.

(Dietrich Bonhoeffer)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk